

ds. PJ Kriel

02.10.2016

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die bekering van die koninkryk van Christus en die bekering van die koninkryk van geestelikes. Die Here skep sy eie gesag waardeur Hy aan die regterhand van die Vader alles wat God onderneem as ons Vader vir ons vervul.

Geestelikes skep 'n magsposisie waarin hulle self mense se geestelike vaders, leiers en leermeesters word. Hulle gee voor dat hierdie magsposisie is die gesag van Christus maar dit is nie. Gelowiges keer hulle tot Christus aan die regterhand van die Vader in die vertroue dat Hy God is wat doen wat God onderneem. Om Christus as Here te vertrou is die koninkryksbeking. Geestelikes en hul bekeerlinge wil Christus wegkeer uit sy gesag as Here om hul eie magsposisie te bekragtig as vaders, leiers en leermeesters. Wie hulle tot hierdie Christus bekeer is besig met die bekering waardeur jy hel toe gaan.

Liturgie Lied 199: 1, 2, 3. Lied 486 1,2,3,4.

Skriflesing Matteus 22: 41 – 23: 15; 28: 18 – 20. 2 Sameul 7: 11 -;

Teks 23:15 “Ellende wag vir julle skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle trek oor see en land rond om een bekeerling te maak, en as hy dit word, maak julle hom twee maal so ryp vir hel as wat julle self is.”

Tema Ons bekeer ons tot Jesus aan die regterhand die Vader nie na 'n Christus wat ons op die stoel van Moses sit nie.

1. Bekeerdes wat twee maal so ryp vir die hel is as hulle wat hulle bekeer het!
Bekeerdes wat saam met die geestelikes wat hulle bekeer het, hel toe gaan! Dit is hoe die Here Jesus die bekeringsbedrywe van hierdie wêreld ontmasker.

Geestelikes wat glo hulle is besig om mense na die hemel toe te begelei deur hulle tot bekering te bring en mense wat hul self bekeer om hemel toe te gaan, terwyl albei partye besig is om mekaar vir God verlore te maak!

Dit is bekeringsbedryf waarmee alle geestelikes besig is.

Die Here openbaar dat dit is nie maar net iets wat hierdie geestelikes in onkunde of naïwiteit doen nie. Dit is 'n bedoelde en berekende magsuitoefening. In hierdie bekeringsbedryf gaan dit oor geestelike leiers wat nie deel van die Here Jesus se koninkryk is nie. Dit gaan oor geestelikes wie mense wat deel van die Here se koninkryk wil wees verhinder om daarvan deel te wees. Nog erger, wat die deur van God se koninkryk in mense se gesig toesluit.

Dit stel u en my voor die uitdaging dat ons as gelowiges sal kan onderskei tussen die bekering waartoe die Here ons oproep in sy koninkryk en die bekeringsbedryf waarmee geestelikes met hul bekerings mense hel toe laat gaan.

Ons bekeer ons tot Jesus aan die regterhand die Vader nie na 'n Christus wat ons op die stoel van Moses sit nie

Watter bekering is die bekering van die koninkryk van God en watter bekering vat jou hel toe.

2. Die verskil tussen 'n bekering van die koninkryk van die Here en bekerings wat jou hel toe laat gaan, is nie hoe goed en opreg die bekering bedoel word nie. Dit gaan oor bekerings waarmee mense nie toegewyd, eerlik, ernstig, opreg is teenoor bekerings waarmee mense nie toegewyd, oneerlik, ligsinnig oneerlik of onopreg sou wees nie.

Die verskil is nie die mens se ingesteldheid of bedoeling met sy bekering nie. Die werklike verskil tussen hierdie twee soorte bekerings gaan oor die verskil tussen die gesag wat Jesus Christus as Here het en die mag wat hierdie geestelikes het.

Die gesag van die Here tot wie jy jou bekeer maak die verskil tussen hierdie twee soorte bekerings.

Die Here het die gesag van die seun van Dawid. Die geestelikes het die gesag van Moses. Dit is vertaal as “die gesag om die wet van Moses te vertolk, maar die Grieks beteken letterlik dat hulle op die stoel van Moses sit.

Hierdie stoel verwys na iets soos die stol waarop pa aan die bo end van die tafel sit. Daar waar hy sit, is die gesag. Daarom praat ons nou nog van pa se stoel. Die stoel waarop hy en niemand anders mag sit nie. Die kontras in die woorde van die Here gaan oor twee stoele, twee magsetels.

Teenoor hulle stel die Here dat Hy nie op die stoel van Moses sit nie, maar dat Hy as Here aan die regterhand van die Vader sit. Die Here maak hierdie stelling deur die strikvraag aan die Fariseërs oor wie se seun, die seun van Dawid is,

Die Here is besig om vir hulle te wys dat Hy die beloofde Messias is volgens 2 Samuel 7: “¹² Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun koningmaak en aan hom 'n bestendige koningskap gee....¹⁴ Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees.”

Die strikvraag wat die Here vir hulle vra, is dat die Here dit 'n of – of vraag maak. Is Dawid of God die Christus se Vader? Die regte antwoord is dat Dawid Christus se vader is en dat God die Christus se Vader is soos dit dwarsdeur Matteus aangekondig word. Dit is die besondere gesag wat Jesus het: Hy is die seun van Dawid, mens soos ons gebore as nakomeling van Dawid en terselfdertyd is Hy God die Seun, self God!

Daarom is die gesagsposisie wat die Here inneem die mag om God se verbondsbeloftes vir ons te vervul. Hy, Jesus wat as mens in ons plek gehoorsaam

Ons bekeer ons tot Jesus aan die regterhand die Vader nie na 'n Christus wat ons op die stoel van Moses sit nie

aan God se wet was en in ons plek gesterf het, is God met ons! (Mat. 28:20) Dit is hoe Hy aan die regterhand van God die Vader in die hemel sit. Hy is God wat ook as mens in ons plek gedoop is. (Mat. 3)

3. Op watter stoel sit die geestelikes, dit is die skrifgeleerdes, die Fariseërs en Sadduseërs? Hulle sit nie aan die regterhand van God die Vader nie, hulle sit op die stoel van Moses!

Wat is hierdie stoel? Dit is selfgeskepte geestelike mag op aarde.

Die een deel van hierdie geestelike mag gaan oor dit wat ons al gewoonnd geraak het om mooi preke te noem. Die stoel van Moses gaan oor die gesag hoe om mooi te preek oor die liefde. Dit is om te preek oor hoe ons God en ons naaste moet liefhê. Dit is wat die Here bedoel dat die skrifgeleerdes en Fariseërs die gesag het om die wet van Moses te vertolk. Hulle weet hoe om met preke, praatjies, konferensies en kursusse te leer wat liefde vir God en jou naaste is. Hoe weet hoe om noukeurig en deeglik uit te spel hoekom liefde reg is en sonde verkeerd is.

Dit is hoekom die Here sê dat jy alles moet doen en onderhou wat sulke predikers en geestelikes vir jou sê. Want elke gelowige is gebind aan die onderhouding van die wet.

Die ander deel van hierdie geestelikes mag is egter dat die skrifgeleerdes en Fariseërs hulle self as voorbeelde voorgehou het hoe hulle God se wet só onderhou om vir God reg te wees. Hulle het geglo dat hulle die kuns bemeester het om God en hulle naaste lief te hê. Hulle het geglo dat hulle nie net ander hierdie kuns kan aanleer nie, maar dat hulle self die rolmodelle is vir ander hoe jy God en jou naaste moet liefhê.

Hulle geestelike mag is dat hulle glo hulle die kuns van liefde bemeester het en met hulle lewenswyse die uitbeelding van hierdie liefde vir God en mense is. Hierdie mag om eers mooi te preek of te praat oor die liefde en dan jouself as voorbeeld van hierdie liefde voor te hou, sodat jy ander mense kan leer, lei en oefen in die kuns van liefde, is die magsposisie wat alle geestelikes op aarde skep.

Hierdie magsposisie wat geestelikes skep, is 'n totaal ander posisie as die gesag van die Here aan die regterhand van die Vader. Die een wat mense skep op aarde is die stoel van Moses en die een wat die Here

4. Wat maak hierdie geestelikes met hierdie gesag van die wet van Moses?

Die Here wys wat hulle doen in sy verbod hoe om hulle aan te spreek. Die manier waarop hierdie geestelikes aangespreek wil word, wys wat hulle met hierdie magsposisie wil doen. Hulle wil aangespreek word

Ons bekeer ons tot Jesus aan die regterhand die Vader nie na 'n Christus wat ons op die stoel van Moses sit nie

- as “leermeester”
- as “vader” en
- as “leier”.

Met die gesag om te wys hoe liefde moet wees en hulle self voorbeelde te maak van mense wat hierdie liefde uiteleef, wil hulle geestelike leermeesters, geestelike vaders en geestelike leiers wees.

Geestelike leermeesters. Hulle wil mense die voorskrifte voorhou hoe om soos hulle God en hulle naaste lief te hê, deur die liefde te verduidelik en in hul persoon as voorbeelde van hierdie liefde te dien.

Geestelike vaders. Hulle wil mense deel maak van hierdie liefde. Deur mense te laat deel in wie en wat hulle is, in hoe hulle liefhet, wil hulle mense bemagtig in die kuns van liefde. Dit is die betekenis van die aanspreek vorm “vader”, die een wat my deel van hierdie liefde gemaak het deur my in sy liefde te laat deel.

Geestelike leiers. Hulle wil mense in die openbare lewe lei in hierdie liefde. Hulle wil die openbare gemeenskapsleiers wees na wie se verduidelikings oor wat ware liefde is en wat nie ware liefde is nie, na geluister word en wat as voorbeelde van hierdie liefde in die openbare gemeenskap nagevolg word. Hulle wil in die gemeenskap die besluite neem oor wat liefde is en hoe om liefde uit te leef in elke lewensituasie.

Mense moet hierdie mag wat hierdie geestelikes het erken met geestelike benaminge wat hierdie gesag erken en aan hierdie gesag onderwerp is. Dit is met titels soos pastoor en vader, soos bemagtigde leiers en priesters.

5. Ons moet die Here se veroordeling van geestelikes in hoofstuk 23 verse 13 en 14 raaksien binne die bedoeling van hierdie hoofstukke 22 en 23. Wanneer die Here vir skrifgeleerdes en Fariseërs stel dat hulle:

- Die deur van die koninkryk van die Here Jesus in mense se gesigte toesluit,
- verhinder dat mense in die koninkryk van die Here ingaan,
- en mense wat hulle bekeer twee keer meer vir die hel gereed maak as wat hulle self is,

dan spreek die Here hierdie mag aan om die wet van Moses te vertolk, om op die stoel van Moses te sit. Dit is die werklikheid van alle geestelike leiers wat die Here hier ontbloot. Dit is deur die liefde vir God en mense wat hulle vir ander wil leer, vir ander wil deel van maak en vir ander in wil lei, dit is met hierdie mag van die wet van Moses, om vaders, leiers en leermeesters in die liefde vir God en mense te wil wees dat hulle

Ons bekeer ons tot Jesus aan die regterhand die Vader nie na 'n Christus wat ons op die stoel van Moses sit nie

- die deur van die koninkryk van die Here Jesus in mense se gesigte toesluit,
- verhinder dat mense in die koninkryk van die Here ingaan,
- en mense wat hulle bekeer twee keer meer vir die hel gereed maak as wat hulle self is.

6. Die grootste misgissing wat ons met die woorde van die Here in hierdie gedeelte kan maak, is dat ons dink dat net Jesus die mag het om op die stoel van Moses te sit, dat net Jesus die mag het om die wet van Moses te vertolk.

Wanneer ons dit so verkeerd verstaan dan sal ons ook die Here se woorde dat:

- net Hy as Christus ons leermeester is
- net God sy Vader ons Vader is en
- net die Here Jesus Christus ons leier is,

ook heeltemal verkeerd verstaan. Dan sal ons dink dat Jesus die enigste geestelike leier is en wil wees wat ons leer en wys hoe om God en ons naaste lief te hê.

Jesus se gesag is totaal iets anders as om die wet van Moses te vertolk.

Jesus wys nie met hierdie aanspreekvorme dat net Hy op die stoel van Moses sit nie. Hiermee wys die Here dat daar nie iets soos die stoel van Moses is nie. Hy openbaar dat Hy nie op hierdie stoel, hierdie tipe gesagsposisie, sit nie. Jesus is nie die groot leier wat die wet van Moses vir ons vertolk met preke, lesings, praatjies en met sy mooi voorbeeld nie. Hy sit nie op die stoel van Moses wat mense op aarde oprig nie.

Die Here het 'n totaal ander tipe gesag. Hy sit aan der regterhand van God as die Seun van God en die seun van Dawid. Die Here doen totaal iets anders met sy gesag as Here om vir ons te leer en te wys hoe om God en ons naaste lief te hê.

7. Met sy gesag as Here leer en wys Hy ons nie hoe om lief te hê nie. Met hierdie gesag maak Hy al God se verbondsbeloftes vir ons waar. Hy sê nie en wys nie. Hy doen. Hy vervul God se ondernemings as God.

Hierdie beloftes van God wat die Here waarmaak is nie om vir ons te leer en te wys wat ons self moet doen nie. Dit is om iets te doen wat net God alleen kan doen en ons as sondaars nooit kan doen nie.

Dit is hoekom Jesus met sy geboorte "Immanuel" genoem word (Mat. 2: 23) en die Here dan aankondig dat Hy die mag het om God met ons te wees vir altyd in Mat. 28: 20. Hy het die mag ontvang in en deur sy lyding en opstanding om vir ons altyd die Abrahamsbeloftes van God soos in Esegïël 36:24 – en Jeremia 31:31 – waar in ons lewe te maak. Die Here Jesus is God wat alles wat Hy as God onderneem om te

Ons bekeer ons tot Jesus aan die regterhand die Vader nie na 'n Christus wat ons op die stoel van Moses sit nie

wees, vir ons is. Hy is God wat doen wat net God kan doen, nie 'n geestelike figuur wat voorskryf of 'n voorbeeld is nie.

8. Jesus is nie ons geestelike vaderfiguur nie.

Hy maak ons nie deel van sy lering en voorbeeld hoe om God en ons naaste lief te hê nie. Christus maak ons deur sy lyding en opstanding kinders van God die Vader, die Vader van die Seun, Jesus Christus. Hy maak ons deel van die liefde van God deur ons in hierdie liefde in te sluit, en dit is totaal iets anders as om met leringe en voorbeelde jou te wys hoe om God lief te hê.

Hy maak God die Vader ons Vader sodat ons in die liefde wat God die Vader vir ons het, Hom ons Vader kan noem. Omdat Hy ons insluit in wie Hy as die Seun vir ons is in ons plek as sondaars, maak Hy ons kinders van die Vader.

Jesus is nie ons leermeester met preke en sy lewensvoorbeeld nie. Hy leer ons om Hom te vertrou om God se beloftes waar te maak in ons lewe.

Hy leer ons om in en uit die geloof te leef dat Hy vir ons God se verbondsbeloftes vervul. Hy gee vir ons 'n nuwe hart wat God liefhet, Hy neem die ou hart weg wat God nie eer nie, Hy laat die wet van God anders werk sodat ons liefde vir God reg is, al kan ons nie reg lief hê nie; Hy neem die afgodsdienste uit ons harte weg dat ons kan leer hoe ons God reg lief te hê met die regte preke en voorbeelde. So leer die Here ons om Hom as Here te vertrou.

Die manier waarop Christus ons leer om in die vertroue te leef dat Hy God se beloftes vir ons waarmaak is totaal iets anders as om te leer om te luister na mense se preke en stories hoe ons God moet liefhê en soos ander mense moet leef om God lief te hê.

Die Here vertel ons nie stories en preek vir ons oor liefde nie.

Hy gee ons 'n nuwe hart om lief te hê, neem ons ou hart weg en verander die manier waarop die wet van God werk – om te leef uit dankbaarheid en nie om reg en gered te word nie. Dit is hoe die Christus ons leermeester is.

9. Die Here is nie ons geestelike leier deur vir ons die voorbeeld van liefde te wees wat ons moet navolg nie. Hierdie tipe navolging het die Here self onbloom en verwerp in sy gesprek met die ryk jongman in Matteus 19: 16 -. Navolging van Jesus is nie om soos Hy die wet van God te onderhou of om soos Hy God lief te hê nie.

Navolging is om die Here te volg deur in hom te glo wat vir jou in jou plek as regverdige leef maar as onregverdige sterf. Navolging beteken om gehoorsaam aan God se wet te wees sonder enige beloning of straf van God se kant.

Ons bekeer ons tot Jesus aan die regterhand die Vader nie na 'n Christus wat ons op die stoel van Moses sit nie

Hy is ons leier omdat Hy ons voorgaan en vir ons met sy kruis en opstanding doen wat ons nie kan doen nie, die wet onderhou. Hy is ons leier wat ons voorgaan en ons regverdig vir God maak omdat ons nooit self regverdig vir God kan wees nie.

Op hierdie wyse maak die Here ons deel van sy koninkryk!

Hy maak ons kinders van God die Vader, Hy leer ons om uit die geloof te leef dat Hy God se beloftes vir ons waarmaak en Hy lei ons om in sy lyding en opstanding te glo en God se te gehoorsaam sonder om beloning of straf te verwag.

10. Hoekom verklaar die Here dat die gesag van die geestelikes vir mense die Here se koninkryk toesluit en verhinder om in te gaan en hoekom maak hulle mense gereed vir die hel?

Dit is nie maar net omdat Jesus in kompetisie met die geestelikes is om op die stoel van Moses te sit, God se wet vir mense te vertolk, en daarom sy kompetisie en hulle koninkryk sleg sê nie.

Dit gaan oor wie doen wat gesê word. Is dit hulle wat op die stoel van Moses sit, wat die gesag het om die wet van God te vertolk wat doen wat hulle sê of is dit Jesus Christus wat aan die regterhand van God sit wat doen wat Hy wat God sê Hy sal doen?

Die werklikheid van wie en wat 'n persoon is, wys is wat gedoen word, nie gesê word nie. Die Here openbaar dat hulle nie doen wat hulle sê nie. Die NAV vertaal dit so: "want hulle praat net en doen nie." Hulle praat oor hoe jy moet liefhê, verduidelik hoe die liefde moet wees, wys met hulle lewe hoe lief hulle het, maar wat hulle wys is nie hoe die liefde is en moet wees nie.

Hulle kan God en hul naaste nie liefhê soos hulle moet nie, al wys hulle met hulle lewe dat hulle kan. Daarom sal elkeen wat glo dat hulle dit regtig reg kry en ook soos hulle dit probeer doen, twee keer meer gereed wees vir die hel.

Want hulle volg die voorbeeld en luister na die liefdesverhale en liefdespraatjies, na die preke, lesings, konferensies en kursusse oor liefde van hulle wat nie doen wat hulle sê nie. Wie so hemel toe wil gaan, om te luister na mense wat nie kan doen wat hulle sê nie en dan self ook nie te doen wat hulle vir jou leer nie, is mos hoe jy jouself gereed maak vir die hel.

Jy het nie lief soos God dit vereis nie, jy doen nie wat liefde vra nie, maar jy wys vir ander dat jy dit doen! Dit is hoekom die Here hierdie geestelikheid as huigelry uitwys.

11. Deur hierdie mense se gepraat oor wat hulle self nie eers kan doen nie, vervreem hulle mense van die Here wat doen wat Hy sê!

Dit is hoekom hulle mense dan twee maal meer gereed maak vir die hel as wat hulle self is. Want hulle huigel nie net deur voor te gee dat hulle besig is om te doen wat hulle sê nie, hulle vervreem jou met hul lering en voorbeelde oor die liefde van die Here wat doen wat Hy sê.

Met die gesag wat die Here het doen Hy vir ons wat Hy as God vir ons sê Hy as God doen!

Die Here doen met sy gesag as Here wat Hy wat Here onderneem om te doen. Dit is hoe Christus die Here is wat God se verbondsondernemings teenoor ons waar maak. Hy is die Here wat doen wat Hy sê.

Die Here se gesag is die gesag om sondaars te vergewe, om sondaars te regverdig, om sondaars se sondige hart weg te neem en hulle 'n nuwe hart te gee deur sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding.

Die Here se gesag is om juis mense wat nie reg kan liefhê nie, reg te maak deur hulle in sy regverdigheid te laat deel en so weer aan die eise van die wet te bind.

Dit is hoe Hy Leier, Leermeester is en God sy Vader ons Vader laat wees – deur te doen wat Hy sê en dit te doen deur sy lyding en opstanding uit die dood. Daarom is ons geloof in wie Hy vir ons is en wat Hy vir ons doen in sy heilswerk, die geloof in Hom wat doen wat Hy sê Hy as God doen.

12. Die stoel van Moses vervreem mense van die Here se gesag.

Want in hierdie geestelikheid word jy geleer om te glo dat jy deur die mooi verduidelikings oor hoe jy God moet en kan liefhê, en hoe jy die voorbeeld van mense in hulle liefdeslewe met God moet naleef, vir God reg en goed kan wees.

Hulle leer jou dat jy jou lewe en hart aan God moet oorgee en toewy, dat jy die Here in jou lewe moet innooi en deel maak van jou lewe om gered en reg vir God te wees.

Wanneer jy glo dat jy God so liefhet soos wat geestelikes vir jou vertel en wys hoe hulle die Here liefhet, dan sal jy nooit weer kan glo dat die Here in en deur sy sterwe en opstanding jou regmaak en reg laat wees nie.

Want hulle maak van Jesus die groot leier, leermeester en vader wat op die stoel van Moses sit. Dit is hoe geestelikes hulle huigelry om nie te doen wat hulle sê, geloogwaardig maak. Hulle maak asof hulle net namens Jesus wat op die stoel van Moses sit, praat.

Ons bekeer ons tot Jesus aan die regterhand die Vader nie na 'n Christus wat ons op die stoel van Moses sit nie

Daarom maak hierdie mense jou twee maal meer gereed vir die hel as hulle self.

Wanneer jy na hulle praatjies oor die liefde luister en hulle voorbeeld oor liefde volg, luister jy nie net na mense wat nie doen wat hulle sê nie en wat jou ook leer om te sê en te wys wat jy nooit self sal kan doen nie. Terwyl jy besig is om self te leer om voor te gee dat jy doen wat jy sê sal jy in jou hart glo dat Jesus is die een wat jou so laat huigel.

Jy sal glo dat in jou huigelary jy besig is om Jesus wat op die stoel van Moses sit se voorbeeld volg.

Wie glo dat Jesus op die stoel van Moses sit, praatjies oor liefde maak en wys hoe Hy lief het, glo nie dat Hy aan die regterhand van God die Vader sit om vir ons al God se beloftes deur sy heilswerk waar te maak nie.

Vir so persoon het Jesus wat nou die groot voorbeeld van die wet en die groot leraar van die wet geword het, die manier geword waarop

- jy verhinder word om in die Here se koninkryk in te gaan,
- die koninkryk van die Here in jou gesig toegesluit word en
- jy deel word van hierdie huigelary van mense oor die liefde praat en hulle self uitstal as voorbeeld van liefde, terwyl hulle nie doen wat hulle sê nie.

Deur hierdie magsposisie van die valse Messias, die een wat die wet vertolk, word jy van die Here Jesus Christus vervreem. Word jy vervreem van die Here aan die regterhand van die Vader wat besig is om te doen wat Hy sê:

Ek sal jou van jou sondes reinig.

Ek sal jou bevry van jou afgodery.

Ek sal jou 'n nuwe hart gee.

Ek sal jou ou hart wegneem.

Ek sal maak dat jy my gebooie gehoorsaam deur jou deur my genade te regeer.

Ek sal so God met jou wees!

13. Watter bekering is die bekering van die koninkryk en watter bekering vat jou hel toe?

Dit is nie die mees opregte en goedbedoelde bekering wat die regte bekering is nie

Die onderskeid gaan oor na wie bekeer jy jou, na watter Here bekeer jy jou! Daarom verklaar die profeet Jeremia in Jeremia 4: 1 "As jy jou wil bekeer, Israel, moet jy jou tot My bekeer, sê die Here."

Ons bekeer ons tot Jesus aan die regterhand die Vader nie na 'n Christus wat ons op die stoel van Moses sit nie

Bekeer jy jou na die Here aan die regterhand van die Vader, die Here wat doen wat Hy sê, of bekeer jy jou tot 'n Here wat glad nie bestaan nie, die Christus op die stoel van Moses?

Kom ons toets dit in die taal en woorde soos dit vandag aan ons voorgehou word. Die bekering soos wat dit vandag voorgehou word, is om Jesus op die troon van jou hart te sit en Jesus die middelpunt van jou lewe te maak. Mense sê dat hulle tot bekering gekom het omdat hulle dit gedoen het: Jesus op die troon van hulle hart en lewe gesit het.

Watter stoel is hierdie een?

Jy moet die Here op die troon van jou hart sit! Jy moet God die middelpunt van jou lewe maak! Waar is hierdie “stoel”, hierdie gesagsposisie en magsetel, “die troon van jou hart” en “die middelpunt van jou lewe”?

Is dit die gesagsposisie wat die Here vir Homself geskep het as die Christus, aan die regterhand van die Vader in die hemel?

Dit is nie! Hierdie gesagsposisie, “die troon van jou hart” en “die middelpunt van jou lewe” is die stoel van geestelikes. Dit is die gesagsposisie wat geestelikes maak vir God en vir die Messias.

Wie stel die Here in hierdie magsposisie?

Kyk na die woorde van die geestelikheid van vandag! Jý moet Jesus op die troon van jou hart sit en jý moet Jesus die middelpunt van jou lewe maak. Voor jy dit nie met Jesus gedoen het nie, is Hy nie koning van jou lewe, Here in jou hart en die middelpunt van jou lewe nie. Dit is en kan mos net jy wees wat Jesus aanstel en hierdie posisie gee: Here op die troon van jou hart.

Hoe gee jy die Here Jesus hierdie magsposisie?

Almal se antwoorde klink vandag só: jy moet jou sondes bely; jy moet jammer wees oor jou sonde; jou moet jou sonde erken; jy moet jouself oorgee; jy moet jou hart vir God gee; jy moet jou lewe vir God gee en jy moet vir God leef soos god wil hê jy moet leef!

In die taal van die Bybel beteken dit jy moet alles doen wat die wet van Moses vir jou sê, want al hierdie dade is dade van die wet van Moses.

Hierdie magsposisie wat mense vandag vir Here gee is niks anders as dit wat die Here in sy eie woorde noem “die stoel van Moses” nie. Dit is wat geestelikes nog altyd doen, deur liefde volgens die wet van God, om jou lewe en hart vir Jesus te gee, maak mense Jesus koning! Die koning op die stoel van Moses!

Ons bekeer ons tot Jesus aan die regterhand die Vader nie na 'n Christus wat ons op die stoel van Moses sit nie

En dan wys hulle vir almal hulle het Jesus koning gemaak en op die troon van hulle hart en lewe gesit! Hulle sê en wys hulle het Jesus koning van hul lewe gemaak!

Hierdie word deur die geestelikes van vandag “hul bekering” genoem! Hulle bekering is om Jesus op die stoel van Moses, op die troon van hul hart en lewe te sit. Wat hulle hul bekering noem, is om Jesus op die stoel van Moses te sit: hulle sit Hom in die middelpunt van hul lewe en hulle maak Hom koning van hul lewe!

Hoe?

Deur te sê hulle doen alles wat die wet van die Here vir hul wys om te doen: om hul hart en lewe aan God te gee met belydenisse, berou en nuwe verklarings oor liefde vir God!

14. Watter gesagsposisie het die Here vir Homself as die Seun van Dawid geskep?

Hy het geen magsposisie in mense se hart of lewens geskep nie. Hy het sy gesag geskep om Here te wees aan die regterhand van God. Hy het hierdie gesag as Christus geskep ook nie deur die liefde, gehoorsaamheid of onderwerping wat mense aan Hom betoon nie. Hy het hierdie gesag om Christus en Here te wes geskep deur sy lyding, sterwe en opstanding as mens uit die dood.

Watter bekering is die bekering waarmee jy jou na die Here bekeer? Wanneer jy die Here op die troon van jou hart sit of wanneer jy in die geloof jou keer en vertrou op die Here wat Christus is aan die regterhand van God?

Die Here het die koninkryksbekering verkondig soos Hy dit aankondig in Matteus 4:17: “Van toe af het Jesus begin preek en gesê “Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom.” Hy het alle mag in hemel en op aarde ontvang deur sy lyding en opstanding as mens uit die dood om self God met ons te wees.

Wie Christus as Here vertrou om al God se ondernemings om vir ons God te wees vir ons waar te maak, bekeer tot God!

Kom ons toets dit met die bekering van geestelikes!

Jy moet Jesus koning maak met al jou liefdesdade en liefdesoorgawes! Wie doen wat Hy sê? Kan enige iemand God so liefhê dat Hy God deur sy liefdesdade koning kan maak? Is daar so Jesus? Die Jesus wat op die stoel van Moses gaan sit? Wat die magsposisie aanvaar wat mense vir Hom skep deur hulle liefdesoorgawes aan God?

Niemand wat sulke dinge sê doen wat hulle sê nie. Niemand maak Jesus koning deur liefdesdade nie, want niemand kan God se liefhê nie en meer as dit. Jesus laat Hom nie koning maak deur mense se liefdesoorgawes nie.

Ons bekeer ons tot Jesus aan die regterhand die Vader nie na 'n Christus wat ons op die stoel van Moses sit nie

Dit is nie Jesus wat sê wat mense doen nie en mense kan ook nie doen wat hulle sê nie.

Die Here sê en doen heeltemal iets anders. Hy sê Hy is die Seun van Dawid wat aan die regterhand van God sit deur sy lyding en opstanding. Hy is self God wat doen wat God sê Hy as God doen in die Abrahamsbeloftes.

Wie wil bekeer moet hulle tot die Here Jesus Christus toekeer aan die regterhand van God en die Here vertrou om te doen wat Hy sê.

Wie bekeer soos geestelikes sê jy moet bekeer gaan hel toe. Mense wat Jesus in hulle lewe ingenooit het, op die troon van hul hart en lewe gesit het en wat Jesus die middelpunt van hul lewe gesit het, gaan hel toe. Want Hy sit nie op die stoel wat mense vir Hom gee nie

Meer as dit, wie maak asof hulle so tot bekering kom, is huigelaars! Want wie draai om wanneer mense Jesus in hul lewe innooi, Jesus op die troon van hul lewe sit en Jesus die middelpunt van hul lewe maak? Is dit hoe mense draai, bekeer of is dit hoe mense God bekeer?

Wie moet draai in hierdie sogenaamde bekering? Dit is Jesus Christus. Hy moet Homself wegdraai van die troon aan die regterhand van God die Vader in die hemel, en Hy moet Hom draai na die troon wat mense vir Hom maak, die stoel van Moses!

Hy moet Homself wegkeer van die wyse waarop Hy Homself Here gemaak het, deur vir sondaars aangekla te word voor Pontius Pilatus, deur Homself as offer te gee aan die kruis en in sy dood en Homself Middelaar van die beloftes van God te maak deur uit die dood uit op te staan, en Hy moet Homself draai na die manier waarop mense Hom koning wil maak – deur hulle liefdesverklarings en oorgawes.

Hy moet wegdraai van wie hy is en wat Hy doen.

Wie so bekeer, gaan hel toe! Twee keer meer gereed vir die hel want hulle bekeer die Here en vertel dit is hulle bekering! Twee keer meer gereed vir die hel, want hulle maak Jesus koning op 'n stoel wat nie bestaan nie met liefdesverklarings wat hulle nie kan nakom nie en stel al hulle hoop op hierdie valsheid wat hulle met voorbeelde uitbeeld maar nie regtig doen wat hulle wys nie.

15 “Ellende wag vir julle skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle trek oor see en land rond om een bekeerling te maak, en as hy dit word, maak julle hom twee maal so ryp vir hel as wat julle self is. “

Ons glo in Jesus Christus, dit is hoe ons ons bekeer tot God!